Tema: Watter hoop het ’n mens teen die bedrog van sy eie hart?

Skrifvoorlesing: Jeremia 17:5-14

Preekteks: *“Die hart is bedriegliker as enige iets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan? Ek, die Here, deurgrond en toets hart en verstand, Ek laat die mens kry van hy verdien, wat hom toekom vir wat hy doen.” (Jer. 17:9,10)*
Maak Ŭ my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry Ŭ my, dan sal ek vry wees! Dit is vir U wat ek wil loof.” (Jer. 17:14)

Het u al gesê: “Ek doen net wat my hart vir my sê.”? Ek dink die meeste van ons het al so iets gesê en dit goed bedoel. Dit klink immers opreg en edel om “jou hart te volg”.
Maar wat doen jy as jou “hart” verkeerd is en jou mislei?

Dis ons groot probleem: Ons harte is van nature verkeerd! Hoe kan hart “hart” herstel en gesond word?

Erken die bedrog van jou eie hart

Jeremia het begryp wat die volk Israel se probleem is en waarom hulle nie luister na die Woord van die Here nie: hulle eie hart het hulle bedrieg, méér as enige iets anders. Dis hulle bedrieglike harte wat hulle laat dink het dis reg as hulle hul vertroue op mense stel (in hulle geval op Egipte) vir beskerming. Hulle het dit nie gesien as ’n bewys dat hulle daardeur van die Here af “weggaan” nie.
Ons hoef nie te wonder OF ons harte ons bedrieg nie, ons moet weet DAT ons harte ons altyd bedrieg en daarom het ons juis die hulp van God nodig.

Glo in die Here as die kenner van ons harte

As die Here aan ons sê dat Hy *“hart en verstand” “deurgrond en toets”* en ons glo Hom, dan kom daar HOOP in ons lewe. Wie waarlik ontnugter en platgeslaan is oor die toestand van sy eie sondige hart sal gryp na en vashou aan hierdie hoop: net God kan deur sy Woord en Gees mense nuut maak om opreg van hart te wees.

Jeremia het met hierdie woorde die Volk tot besinning probeer bring, want hulle selfvertroue het hulle reeds op die rand van vernietiging gebring. Erken ons waarlik DAT ons NIE onsself kan red NIE, ook nie hierdie kindertjies wat vandag gedoop word nie?

Vertroue Hom met die herskepping van jou hart

Jeremia se gebed *“Maak Ŭ my gesond….”* was nie net vir homself nie, maar ook ’n voorbeeld vir die Volk hoe hulle moet bid. Omdat net God ons hart kan genees.

Wanneer ons die doop bedien moet ons dan ook vashou aan wat die Skrif hieroor sê: *"Die doop is nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Christus."(1 Petrus 3:21)*

Deur die wonder van Christus se opstanding ontvang ons ook die versekering dat God wat getrou is in Christus al sy beloftes sal uitvoer; en ons sal Hom prys en dank daarvoor dat Hy aan ons en ons kinders en aan elkeen wat in Hom glo nuwe harte gee.

Voorbereiding vir Woordbediening op 16 Augustus

Dit is nog nie die laaste woord oor wat die Heilige Gees in en deur die gemeente in Antiogië gedoen het nie. Lees Handelinge 12:25 tot 13:3 en 14:23-28. Let op dat Hand 12:1-24 'n invoeging is wat die verhaal van
Antiogië onderbreek. Vul die volgende in:

1. Watter *"profete en leraars"* se name word in 13:1 genoem?
   ……

   2. Vir watter doel was hulle bymekaar om toe die Heilige Gees aan hulle die opdrag gegee het om vir Barnabas en Saulus(Paulus) uit te stuur? (13:2)
   ……
3. Wat het die gemeente gedoen voor hulle uitgestuur is? (13:3)
   ……
4. Waaroor het Paulus (Saulus) en Barnabas met die gemeente gepraat toe hulle terugkeer? (15:27)
   .....
5. Wat weet ons van Saulus/Paulus se roeping? (die kern) (Hand 9:13-28)
   ……
6. Wat weet ons van Barnabas? (die kern) (Hand 4:36,38 en 11:25,26)
   ……

Oorweeg die volgende tema: Die Heilige Gees gebruik biddende gemeentes om sendelinge uit te stuur.